HELP ASSEBLIEF

# Kermis Nuus

20 JUNIE 2026

# SKUD DAARDIE VERE REG VIR ONS JAARLIKSE KERMIS!

## ONS HET JOU HULP NODIG

### Maak skoonskip vir die "Wit Olifante"

*Dit is tyd vir daardie jaarlikse skoonmaak! Enige bruikbare wit-olifante wat in jou kaste skuil, kan nou afgestof en na die kerkkantoor gebring word. Indien jy hulp nodig het om items by die kerk te kry, skakel Zalita le Roux by 082 878 8720.*




### Bederf vir die fynproewer

Geen kermis is volmaak sonder die reuk van vars gebak en tradisionele kos nie. Die volgende tafels vra jou ondersteuning:

- ***Gebak:*** *Tuisgebakte koek, koekies en beskuit word benodig. Indien jy nie kan bak nie kan jy ook bestanddele skenk. Kontak Anita Esterhuizen (072 210 1871)*
- ***Jaffels:*** *Hulp word benodig met die gaarmaak van maalvleis, asook die bak en verkoop van jaffels. Skenkings van vleis, gevriesde groente en margarien is ook welkom.*
  *Kontak Noeline Pieterse (082 588 8630).*
- ***Kerrie en Rys:*** *Skenkings van aartappels, uie of kontantbydraes word benodig.*
  *Kontak Zelda Bakkes (083 950 6096).*
- ***Poedings:*** *Soek jy 'n rede om daardie wen-resep uit te haal? Skenkings van gebakte poedings en vla is baie welkom.*
  *Kontak Linda Potgieter (083 467 5410).*

### Iets vir die soettand

*Die lekkergoedtafel wag vir jou bydraes! Of dit nou gekoopte lekkergoed of spesiale tuisgemaakte lekkernye is, kontak vir Jack Geyser (082 452 3853) vir meer inligting*



## KOM WEES DEEL VAN ONS KERMIS